Publication: Beeld,Daily (Main)
Publication Date: 03 May 2018
Page: 11

AVE: 30325.86
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

IAAF SE TESTOSTEROON-REGULASIE

# Caster kry steun uit buiteland

## Britte en Kanada wil dalk appelleer


Wim Pretorius

Dit is nie net Suid-Afrikaners wat die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se nuwe regulasies oor vroueatlete se testosteroonvlakke bevraagteken nie – Brittanje en Kanada begin ook stem dik maak.

Richard Bowker, die Britse atletiekbaas, het aan *Irish Times* gesê "baie uitdagings en vrae" oor die omstrede testosteroonregulasie is steeds nie beantwoord nie.

Bowker bevraagteken ook of die voordeel wat Semenya het veel verskil van dié van 'n atleet soos Usain Bolt, wat langer treë as ander atlete gee.

"Ek kan wel verstaan waarom die IAAF dit ondersoek het," sê Bowker, wat groot simpatie met Semenya het. "Maar waar ons tans staan, is dat daar baie vrae gevra word en dat daar ook baie uitdagings is."




Caster Semenya

Die IAAF het verlede week 'n stel nuwe regulasies aangekondig wat beperkings plaas op atlete soos Semenya, wat natuurlik hoë vlakke van testosteroon het.

Die 400 m-, 800 m-, 1 500 m-, myl- en 400 m-hekkiesresies vir vroue word deur die nuwe regulasie geraak.

"Wanneer jy kyk na wat dit van 'n atleet verg om 'n kampioen op die wêreldverhoog te wees, is dit duidelik dat dit baie toewyding, talent en fisieke bekwaamheid is wat hulle van die res onderskei," sê hy.

"Hulle is nie soos ek en jy nie. My probleem is: Waarheen lei die debat?

"As jy 'n hoogspringer is wat 2,07 m lank is en jy neem deel teen iemand wat 1,8 m lank is, het jy nie dan 'n voordeel nie?"

Volgens Bowker is daar geen twyfel nie dat Semenya 'n uitsonderlike atleet is wat baie vir die sport beteken.

"As sy die Wêreldbeker-atletiekbyeenkoms in Julie in Londen bywoon, kan jy seker daarvan wees dat sy met ope arms ontvang sal word deur ingeligte en liefdevolle toeskouers," sê hy.

Die Kanadese Atletiekfederasie vra ook dat die nuwe regulasies onder die vergrootglas geplaas en hersien word.

"In Kanada moedig ons alle atlete aan om op elke vlak deel te neem sonder dat daar teen hulle gediskrimineer word," is daar in 'n verklaring gesê.

Die Kanadese dui aan dat hulle van plan is om die regulasie te ontleed en met ander sportliggame in gesprek te tree oor die moontlikheid om daarteen te appelleer.

■ Steve Cornelius, 'n professor aan die Universiteit van Pretoria se regsfakulteit wat as een van die wêreld se voorste sportregkenners bestempel word, het reeds bedank uit die IAAF se dissiplinêre tribunaal uit protes teen die nuwe regulasies.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.